# MAAGD VAN DIE SEE

No. 5
Die Mal Seerower



MEIRING FOUCHE

John Rogers dryf sy manne roekeloos. Hulle roei met elke greintjie krag.
Rogers kyk met nuwe verbasing na die drie brandende skepe. Met 'n hol gevoel op sy maag besef hy dat daar aan hulle niks meer gedoen sal kan word nie. Met hulle is dit klaarpraat. Blykbaar het die vlamme op hulle 'n onherroeplike houvas gekry. Nog nooit in sy lewe was die seerower so woedend en verbitterd soos op hierdie oomblik nie. As hy net geweet het wie daarvoor verantwoordelik is. Kan dit wees dat die noodbemannings wat hulle aan boord gelaat het, aan die muit gegaan het? Dit kan hy hom nie versin nie. Kan dit wees dat daardie pokkelyers op die een of ander wyse aan boord gekom het en die skepe aan brand gesteek het om hulle te wreek? Nee, dit kan hy ook nie glo nie. Hoe op aarde kon hulle van die eiland af na die skepe beweeg het?
Die enigste ander alternatief is dat dit die werk is van Simon Verbeeck en sy manne. John Rogers wil dit nie glo nie. En tog voel dit vir hom asof hy dit moet glo.

Stofomslag : Willie du Plooy

6 000256 000063

# MAAGD VAN DIE SEE

**No. 5**
**Die Mal Seerower**



**R2,20**
**a.v.b uitgesluit**

MEIRING FOUCHE

## Hoofstuk 1

Toe die sekretaris van die Goewerneur van die Kaap die Goeie Hoop binnekom, is die man vervaard en bleek.

,,U Edele,'' sê hy kortasem, ,,hier is 'n saak van dringende belang. Hier is ene Jansen van Vuuren, 'n burger van die nedersetting, wat dringend met u wil praat.''

,,Jansen van Vuuren?'' vra die Goewerneur. ,,Wie en wat is hy?''

,,Hy is 'n burger, U Edele. Eintlik glo 'n jagter. Hy het glo in die Houtbaai iets gewaar wat hy aan u wil meedeel.''

,,Wat is dit wat die man wil meedeel?'' vra die Goewerneur enigsins ergerlik.

,,Dit spyt my, U Edele,'' antwoord die sekretaris senuweeagtig, ,,maar hy wil my nie sê nie. Hy sê dit is iets baie gevaarlik maar hy wil dit aan uself meedeel.''

,,Laat hom binnekom,'' beveel die Goewerneur.

'n Oomblik daarna staan 'n kleinerige mannetjie voor die Goewerneur. Hy hou sy driekantige hoed senuweeagtig vas. Die man is klaarblyklik tot die dood toe uitgeput en skoon verskrik. Sy klein ogies beweeg heen en weer en hy buig laag toe hy voor die Goewerneur verskyn.

,,Is jy Jansen van Vuuren?''

,,Dit is ek, U Edele. Gerbrandt Jansen van Vuuren.''

,,Wat is dit wat jy my wil meedeel, Van Vuuren? Waarom kan jy dit nie aan die sekretaris sê nie?''

Jansen van Vuuren in sy verslete klere staan 'n tree nader. ,,U Edele,'' sê hy, ,,ek het met u self kom praat omdat ek iets gesien het wat nie behoort te wees nie.''

,,Wat is dit man?'' vra die Goewerneur uit sy humeur. ,,Moenie draaie gooi nie. Sê vir my wat jy wil sê.''

,,'n Seerowerskip, U Edele.''

,,Wat?''

,,'n Seerowerskip, U Edele. Ek het homself gesien in die Houtbaai. Hy lê daar voor anker.''

Die Goewerneur leun agteroor in sy manjifieke stoel en hy lag ligweg. ,,My liewe Van Vuuren,'' sê hy, ,,jy is seker van lotjie getik.''

,,U Edele, ek sweer. Ek sweer dit is 'n seerowerskip. Ek het in die Houtbaai gaan jag en hom gesien. Die seerowervlag wapper aan sy mas. 'n Oorlogskip, U Edele. Ek het sy kanonluike met my eie oë gesien.''

Die Goewerneur het opgehou lag. Sy oë is nou ernstig en hy kyk aandagtig na die verweerde man voor hom.

,,Van Vuuren,'' sê hy, ,,wil jy vir my sê dat 'n seerower dit gewaag het om in die Houtbaai te kom anker gooi? 'n Seerower hier by die Kaap van Storms? Hier vlak by die vuurmonde van ons kasteel? Nee, man, nee, ek

glo dit nie."

Van Vuuren val op sy knieë neer en druk sy hoed driftig tussen sy vuiste. ,,Ek bid u, U Eksellensie. U moet my glo. Dit is 'n seerowerskip. As u my nie wil glo nie, stuur iemand om te gaan kyk. Ek is u dienaar, ek is u onderdaan. Waarom sou ek u bedrieg? Ek bid u in hemelsnaam glo my, U Eksellensie."

Die Goewerneur leun vooroor op sy groot skryftafel. Sou hierdie man besete wees of is hy maar net 'n laspos? Of kan dit wees dat hy die waarheid praat? Maar 'n seerowerskip hier by die Kaap de Goeie Hoop? Dit klink so onmoontlik. Wat sou die bedoeling daarvan wees?

,,Nou goed, Van Vuuren," sê die Goewerneur, ,,ek dank jou vir jou inligting. Ek sal uitvind wat hier gaande is."

,,Dankie, U Edele," sê Van Vuuren, kom orent en buig weer onderdanig. ,,Ek bid u, u moet self ondersoek instel as u my nie glo nie. Ek het van die Houtbaai af gehardloop tot hier. Bo-oor die berg."

In die klein ogies van die burger sien die Goewerneur opregtheid en erns. Daarom ontbied hy sy sekretaris onmiddellik nadat Van Vuuren vertrek het.

,,Laat kom die kommandant van die fort," kommandeer die Goewerneur. Na 'n kwartier staan die kommandant voor sy lessenaar.

,,Ek het 'n eienaardige berig ontvang," sê die Goewerneur. ,,Hier was 'n man wat sê dat daar in die Houtbaai 'n seerowerskip voor anker lê. Ek kan dit skaars glo. Wat dink jy daarvan?"

Die kommandant staan styf op aandag maar hy veroorloof homself 'n glimlag. ,,'n Seerowerskip, u Eksellensie? Hier by die Skiereiland in die Houtbaai? Vergewe my, U Eksellensie, maar ek glo dit nie. Geen seerower sal dit hier waag nie. Hulle het dit ook nog nooit gewaag nie. Hulle is goed bewus van die fort van die Kasteel."

,,Hoe dit ook al sy, ek wil weet of dit die waarheid is," sê die Goewerneur. ,,En omdat jy dit nie glo nie, stuur ek jou nou te perd om te gaan uitvind. As dit waar is wat die man Jansen van Vuuren gesê het, gee hom dan 'n beloning. As dit onwaar is, gee hom nege-en-dertig houe."

,,Net soos u beveel, U Eksellensie." Die kommandant buig sjarmant, draai om en stap uit.

Die Goewerneur van die nedersetting Kaap die Goeie Hoop staan op en gaan staan voor die venster. Hy kyk uit oor die hawe wat leeg en stil is. Hy kyk weg na die swart vlek van Robbeneiland en hy wonder wat agter die storie van Van Vuuren skuil. Hy kan dit skaars glo dat 'n man hom so openlik kom mislei. Weinig mense sal dit waag. Hy trek aan sy snorbaard en toe stryk hy met sy fyn hand oor sy kenbaard.

Kan dit wees dat daar 'n seerower is wat manhaftig genoeg is om die militêre mag van hierdie nedersetting uit te tart? Is daar miskien 'n mal avonturier wat die nedersetting Kaap die Goeie Hoop wil aanval?





Hy gaan sit weer in sy stoel en hy is die ene bedenkinge.

Dit is skaars twee uur later toe die Goewerneur 'n gekletter en vinnige voetstappe voor sy deur hoor. Daar word hard geklop en byna onmiddellik daarna swaai die deur oop. Die kommandant van die Kasteel bars binne. Hy gedra hom enigsins onortodoks want die Goewerneur het nog nie eers gebied dat hy moet binnekom nie.

Die man drafstap tot voor die Goewerneur. ,,U Eksellensie," sê hy, ,,dit is waar. Dit is waar wat die man Van Vuuren gesê het. Hier is 'n seerowerskip in die nabyheid."

,,Wil jy vir my sê dat jy reeds in die Houtbaai was en terug? Dit is 'n klomp bog, man. Jy is skaars twee uur weg."

,,U Eksellensie," sê die kommandant, ,,ek het voor die Twaalf Apostels langs gery. Toe sien ek die vaartuig aankom. Dit is nie meer in die Houtbaai nie. Dit is op pad na Tafelbaai.

,,Wat?" skreeu die Goewerneur en spring op. ,,Wil jy vir my sê 'n seerower is op pad na Tafelbaai?"

,,Net so seker as wat ek leef, U Eksellensie. Ek het my daar versteek en met die teleskoop gekyk. Dit is 'n seerower kort en klaar. Sy vlag is duidelik daar vir almal om te sien."

Die Goewerneur slaan hard op sy skryftafel. ,,Kry alles gereed," beveel hy, ,,stel jou kanonne en waarsku die garnisoen om gereed te wees. Ek kom nou dadelik om self bevel te neem. Ek wil niks verkeerd sien as ek daar kom nie. Is die seerower onder volle seil?"

,,Onder volle seil, U Eksellensie."

Die kommandant draai om om sy bevele te gaan uitvoer, maar voordat hy die deur bereik, roep die Goewerneur hom weer. ,,Kommandant," sê hy, ,,is daar enige skepe in Tafelbaai?"

,,Net een, U Eksellensie."

,,Ag natuurlik," sê die Goewerneur. ,,Die Maagd van die See, nie waar nie?"

,,Dit is korrek, U Eksellensie. Die Maagd van die See. Die vaartuig van skipper Simon Verbeeck. Hulle is besig om skoon en reg te maak."

,,Uitstekend," sê die Goewerneur. ,,Gaan roep vir Verbeeck onmiddellik."

Die Goewerneur het dit skoon op sy senuwees. Wat 'n paar uur gelede nog na 'n fantastiese feeverhaal geklink het, het nou so plotseling werklikheid geword. Hy ken hierdie seerowers. Daar is van hulle wat volkome roekeloos en totaal vreesloos is. Daar is van hulle wat kapabel is om die nedersetting te kom aanval. Hierdie plek is vir hulle 'n aangename prys. Hier is kos, hier is vars water. Hier is vrugte en groente en hierdie nedersetting is so gerieflik gelee langs die skeepsroete na die Ooste. Dit is voorwaar die halfwegstasie. Dit is gerieflik nie alleen vir die wettige skeepvaart nie, maar ook vir die seerowers.

Die Goewerneur is heeltemal opgewonde toe hulle die lang kragtige donker man met sy helder oë en sy welige baard binne bring.

,,A, Verbeeck,'' sê die Goewerneur, ,,ek is bly jy het gekom.''

Seevaarder Simon Verbeeck buig laag. ,,U Eksellensie,'' sê hy ,,is daar iets wat ek vir u kan doen?''

,,Verbeeck,'' sê die Goewerneur, ,,het jy gehoor van die seerowers?''

,,Ek het so iets verneem, U Eksellensie.''

,,Wat dink jy daarvan?''

,,Ek weet nie of ek dit moet glo nie, U Eksellensie.''

,,Maar, my liewe man,'' bars die Goewerneur uit, ,,wat moet ons dan doen om jou te oortuig? Die kommandant van die fort het self die seerower teenoor die Twaalf Apostels gesien. Dit is op pad na Tafelbaai. En jy glo dit nog nie.''

Verbeeck se donker oë verander. Die glimlag verdwyn daaruit en sy hele gesig word gespanne. ,,Ek het dit nie geweet nie, U Eksellensie.''

,,Wat kan die bedoeling van hierdie seerower wees, Verbeeck? Dink jy hy sal dit waag om die nedersetting aan te val? Alle seerowers is tog seker bewus van ons kasteel, ons vuurmonde.''

,,Daar is van hulle wat besete is, U Eksellensie. Wie weet, dalk verander hulle in nood. Dalk 'n tekort aan water en kos.''

,,In watter toestand is jou vaartuig, Verbeeck?''

,,Ons is byna klaar met die opknappingswerk, U Eksellensie. Die nuwe seile is reeds gehang.''

,,Verbeeck,'' sê die Goewerneur, ,,dan wil ek 'n taak aan jou opdra. Jy moet met hierdie seerower 'n stryd aanknoop voordat hy die hawe bereik. Skiet hom uit die water, man. Jy hou mos daarvan om seerowers te jag, nie waar nie, Verbeeck? En kan jy dink wat van jou skip sal word as die seerower die hawe binne vaar?''

,,Ek besef dit maar te goed U Eksellensie. Sal u my verskoon?''

,,Jy is verskoon, Verbeeck. Alle sukses.''

So hard het Simon Verbeeck seker in sy lewe nog nie gehardloop as die oggend toe hy na die hawe storm om daar alles klaar te maak voordat die seerower sy verskyning maak nie.

En daar in die Kasteel is die duiwel los. Die garnisoen hardloop soos rysmiere om alles in gereedheid te bring. Kanonkoeëls word na die borswerings gedra. Buskruit word aangebring. Kanonniers woel en werskaf om alles in die haak te kry en al maar deur word om die punt van Seinheuwel geloer of hulle die indringer nog nie sien kom nie.

Simon Verbeeck is nog skaars in die hawe toe is die vuurmonde op die borswerings gereed. Die kanonniers staan op hul plekke met die fakkels in hul hande.

Die nuus oor die seerower het soos 'n veldbrand deur die nedersetting versprei en alles is in rep en roer. In die Heerengracht staan groepies





mense opgewonde en gesels. Ander het op Seinheuwel uitgehardloop om te kyk of hulle die seerower kan sien kom.

Simon Verbeeck klouter nog met die touleer op na die dek van die Maagd van die See toe skreeu hy al bevele uit. Toe hy op die dek grondvat, is sy vriend en regterhand Wilhelm Rieckert by.

,,Manne,'' skreeu Simon, ,,'n seerower is op pad na die hawe. Los alles en maak gereed sodat ons kan uitvaar.''

Hy hoef sy bevel nie te herhaal nie. Die manne tuimel feitlik van die maste af waar hulle gewerk het. Andere wat langs die skip besig was om pik te smeer, klouter aan boord. Dit word 'n gewoel en gewerskaf van die ander wêreld. En Simon Verbeeck en Wilhelm Rieckert gee gedurig bevele om die werksaamhede van die manne te kontroleer en te sorg dat alles wat gedoen word, reg gedoen word.

'n Klein afdeling is gestuur om ekstra buskruit en kanonkoeëls aan boord te bring. 'n Ander afdeling is besig om die kanonne in orde te kry. Nog andere is besig om die laaste seile te span.

Dit is kort na die middag toe die Maagd van die See van sy ankerplek af wegvaar. Dit is 'n helder dag en daar waai 'n fris suidoostewind. Die groot seile is onmiddellik vol en 'n gejuig gaan op land op toe die pragtige vaartuig, so hoog en trots in die water wegswaai na die oop see. Hoede word in die lug gegooi, arms word omhoog gesteek. En almal skreeu net die naam van Simon Verbeeck. Hy is 'n held onder hulle want hulle weet wat hy alles teen seerowers vermag het. Nou is hy vir hulle meer as 'n held. Hy is hul redder.

Simon het volle seil beveel omdat hy so gou moontlik uit die hawe wil wegkom. Hy wil nie hier vasgekeer word nie. Die Maagd van die See kreun soos die wind hom dryf. Sy boegspriet staan hoog en trots in die branders. Simon laat sy vaartuig reguit vaar in die rigting van Robbeneiland. Toe eers swaai hy, want toe hy swaai, sien hy die seerower voluit onder die wind uit opkom in die rigting van die hawe.

Simon Verbeeck staan op sy voorstewe toe hy die seerower die eerste maal sien. Wilhelm Rieckert is hier langs hom. ,,Wat 'n skip!'' sê Simon met eerbied. Die seerower lyk soos 'n kolos in die water. Hy kom op volle seil en hy ploeg 'n wit baan deur die blou see. Hy is reeds digby.

Simon Verbeeck bring die teleskoop voor sy oë en kyk na sy teëstander. Dit is 'n pragtige skip, swaar bewapen. Trots. Vreesloos.

En bo-aan die top van die hoofmas wapper daar duidelik die vlag van die seerowers.

Simon oorhandig die teleskoop ook aan Wilhelm Rieckert en ook hy sien duidelik die skedel en die gekruiste dybene van die seerowervlag.

,,Goeie hemel,'' sê Wilhelm Rieckert. ,,Dit ís 'n seerower. Dit lyk my hy wil na die hawe glip.''

,,Ons sal moet draai,'' sê Simon. ,,Ons sal moet draai sodat ons hom

op die stert kan sit. Ons laat hom die hawe binnegaan, Wilhelm, dan sal hy spyt kry. Dan kry hy die vuurmonde van die kasteel van voor en ons gee hom volle ladings van agter. Ons sal hom fyn en flenters skiet."

,,Ons sal moet pasop. Dit is 'n swaar skip, Simon," sê Wilhelm. ,,Swaar en stewig. Sy kanonluike is oop."

,,Ons kanonluike is ook oop, Wilhelm."

Simon skreeu 'n bevel aan die stuurman en stadig maar seker swaai die Maagd van die See. Dit swaai in 'n volle halfmaan voordat dit netnou-netnou op die dwarste op die seerower sal afvaar.

Maar terwyl hulle draai en die seerower dophou, doen die vreemde vaartuig iets eienaardigs, iets baie onverwags.

Dit begin ook draai. Dit draai in die rigting van die Maagd van die See.

Simon Verbeeck sien dit en hardloop terug, sy kanonniers wag. ,,Is alles gereed?" vra hy.

,,Alles gereed," sê die bevelvoerder van die kannoniers.

,,Bly op jul poste," sê Simon. ,,Die seerower wil veg en as hy wil veg, sal ons met hom veg."

Sy woorde ontlok 'n luide toejuiging op die dek. Simon se manne hunker na avontuur en aksie, want dit is nou al maande dat hulle hier in Tafelbaai besig was om die Maagd van die See op te knap. Na al die lang reise het die Maagd swaar en traag in die water geword. Daarom het hulle die vaartuig skoongeskraap en opnuut met pik gesmeer. Hier en daar het hulle seile vervang. Hul ankertou nagegaan. 'n Paar ander werkies gedoen wat nodig is nadat 'n skip wat lank in die water was. Maar nou wil hulle weer aksie sien. Nou wil hulle weer die oop see in en die soutskuim teen hul lippe voel. Simon hou die beweging van die seerower noukeurig dop want hy wil probeer vasstel wat die maneuver is wat die skip wil uithaal. Aanvanklik verbeel hy hom dat die seerower op hom gaan afvaar, heeltemal seker daarvan dat hy die Maagd van die See in 'n reguit geveg uit die water sal kan skiet. Dit is 'n logiese maneuver, dink Simon want wanneer die Maagd van die See uitgeskakel is, kan die seerower die hawe binnevaar en doen wat hy wil. Hy kan dit nie bekostig om die vuurmonde van die Kasteel te trotseer terwyl daar 'n vaartuig agter hom is nie.

Simon glimlag toe hy weer langs Wilhelm Rieckert op die voorstewe verskyn. ,,Hulle het 'n flater gemaak, Wilhelm," sê Simon. ,,Hulle het nie verwag dat hier 'n vaartuig in die hawe is nie. Hulle het gemeen dat hulle maar kan kom binnevaar. Nou sien hulle dat dit anders is. Hulle besef nou dat hulle eers met ons sal moet klaarspeel. Wat 'n geveg gaan hierdie nie wees nie, Rieckert! Vandag sal ons ons koppe bymekaar moet hou. Ek dink hul kanonne is baie swaarder as ons s'n."

,,Daarvan kan jy seker wees," sê Wilhelm.

Maar terwyl hulle praat, doen die seerower iets wat hulle heeltemal verbyster. Dit gooi al hul denkbeelde en afleidings omver.





Die seerower voltooi sy draai en maak dat hy wegkom.

Hy vaar nie meer na die Maagd van die See nie. Hy laat vat ewewydig met die kus langs terug op pad soos hy gekom het.

,,En nou?" vra Simon.

Toe bars juiging op die dek los. ,,Hy vlug," skreeu die bemanning. ,,Hy sien nie kans vir ons nie."

,,Ek wonder," sê Wilhelm Rieckert, ,,wat dit beteken."

,,Ja, ek wonder self," antwoord Simon en daar kom 'n diep frons tussen sy oë. ,,Hier is 'n skroef los, Wilhelm Rieckert. Daardie seerower vlug nie om dowe neute nie."

,,Nee, voorwaar nie," sê Wilhelm. ,,Hy is groter as ons, hy is sterker bewapen as ons en dit sal my nie verbaas as hy nog vinniger is as ons nie. En tog vlug hy, steek hy stert tussen die bene. Waarom?"

,,Daar meot 'n rede voor wees," sê Simon ernstig.

,,Wat gaan jy maak?" vra Wilhelm Rieckert.

,,Wat gaan ek maak?" vra Simon verbaas. ,,Ek gaan hom agternasit om uit te vind wat wat is."

Wilhelm Rieckert kyk verdwaas en verskrik na sy ou makker. ,,Agternasit? En as hy ons in 'n strik lei?"

Simon Verbeeck stoot sy teleskoop toe, toe steek hy sy vinger na Wilhelm uit en daar is ongeloof in sy oë.

,,Dink jy, dat ek, Simon Verbeeck, 'n seerower sal laat vrykom? Nie ek nie, Rieckert. Dink jy dat ek 'n seerower sal laat vrykom wat die manhaftigheid het om tot byna binne in Tafelbaai te vaar? Nee, ek agtervolg hom al moet ek hom ook agtervolg tot in die verderf."

Hulle draai altwee hul koppe en hulle sien hoedat die seerower nou onder volle seil teen die kus langs snel.

,,Volg hom!" skreeu Simon vir die stuurman en die Maagd van die See sidder so vinnig swaai die seeman die stuur. En daar van Seinheuwel af sien twee burgers van die nedersetting hoedat die Maagd van die See agter die seerower posisie ingeneem het.

Een van hulle is 'n mooi donker vrou. Haar naam is Maria Verbeeck.

Aanvanklik verbeel Simon Verbeeck hom dat die optrede van die seerower bloot 'n maneuver is. Maar weldra besef hy dat die skip in volle vlug is. Wilhelm Rieckert het ook so gemeen. „Miskien wil hy ons weglei van die hawe af," sê Wilhelm, „sodat hy ons alleen kan aanpak. As hy ons kan oorwin, dan sal hy teruggaan na die hawe. Wat sou die rede wees, Simon? Waarom sou 'n seerowerskip dit waag om na Tafelbaai te kom?"

„Ek kan aan net een rede dink," sê Simon. „En dit is dat hulle op soek is na voorrade."

„Dit is al waaraan ek kan dink," sê Wilhelm. „Maar ek moet sê hulle waag darem baie om voorrade in hande te kry."

Simon Verbeeck druk met sy vuiste op die reling van die Maagd van die See. „Skeurbuik laat 'n mens fantastiese dinge doen, Wilhelm. Dors en honger laat 'n mens fantastiese dinge doen. Ek dink dit is hul moeilikheid."

Daar langs die reling verander Simon nogmaals sy opinie. Die seerower wil hulle seker uitlei na die oop see waar hy makliker kan maneuvreer.

Maar ook hierdie teorie moet hy verwerp. Dit duur nie lank nie of dit word vir hom duidelik dat die seerower ewewydig met die kus vaar. Hy lei die Maagd van die See voor die twaalf apostels verby, toe swenk hy na links en hy vaar voor Houtbaai verby, kring verder na links en dit word vir Simon duidelik dat die seevaarder nie die oop see soek nie. Hy hou langs die kus langs en nou vaar hy in die rigting van die suidelike punt van die Skiereiland.

Simon wens hy het meer seil gehad. Hy kan nou sien dat die Maagd van die See vinniger is as die seerower. Hulle haal hom stadig in maar dit sal 'n hele tyd duur voordat hulle op hom is. Elke duim seil op die seerower is gespan.

Hulle skiet by Kaappunt verby. Die seerower swaai verder links en hulle vaar voor Valsbaai verby. Nog steeds koers die seerower ewewydig met die kus.

Dit is reeds sononder toe Simon en Wilhelm Rieckert weer bymekaar is.

„Wat is hier aan die gang, Rieckert?" vra Simon. „Waarheen wil hierdie seerower ons lei?"

„Die hemel alleen weet," sê Rieckert. „Dit is duidelik dat hy nie wil veg nie. Ek sê jou, Simon Verbeeck, ons moet die agtervolging staak en omdraai. As hierdie seerower wil veg, dan sou hy lankal geveg het. Hy loop tog nou nie meer gevaar van die kanonne van die kasteel nie. Hy is groter en swaarder bewapen as ons. Waarom veg hy nie? Ek sê vir jou hy wil ons iewers heen lei. In 'n lokval."

„Ek gaan hom nie los nie," sê Simon.





„Ek waarsku jou, Simon," hou Wilhelm vol. „Waarom sou hierdie seerower probeer het om die hawe binne te glip en net toe ons uitkom, sit hy om en vlug? As hy ons net uit die hawe wou lok, het hy mos al genoeg geleentheid gehad om met ons slaags te raak. Maar hy vlug nog steeds en dit word skemer. Nou is die nag op ons."

„Ek gee nie om wat sy plan is nie," sê Simon. „Ek gaan hom agtervolg."

En daar in die toenemende skemering kom 'n afgetrokkenheid in die oe van Wilhelm Rieckert. Simon Verbeeck is die voortvarende, die vreeslose, maar Wilhelm is altyd die versigtige, die een wat waarsku.

„Ek sê jou, Verbeeck, jy lei ons in gevaar."

„En wat se gevaar nogal?" vra Simon.

„Ek sê vir jou, Simon, hierdie seerower is nie die enigste nie. Hy lei ons na ander seerowers toe. Jy sal sien dat wat ek sê, die waarheid is."

„Nou goed," sê Simon, „dan pak ons hulle ook aan."

„Jy is 'n dwaas, Verbeeck," bars Wilhelm uit. „Jy wil jou skip en die lewens van jou bemanning onnodig aan gevaar blootstel. Hulle sal ons uitwis. Daardie één seerower is genoeg om ons uit te wis."

Dit is toe dat Simon Verbeeck hom vererg vir sy ou vriend. „Daar is iets wat jy blykbaar vergeet, Rieckert," sê hy, „en dit is dat hierdie mý skip is. Ek is die gesagvoerder hier en ek besluit wat gedoen moet word. As jy nie daarvan hou nie, kan jy net sê. Dan sal ek jou onder in die ruim laat toesluit waar jy veilig sal wees."

Wilhelm Rieckert kyk nog eenmaal na die horison wat vinnig nader kom namate die donker toeneem. Voor hulle sien hy nog steeds die spierwit seile van die seerower. Toe draai hy weg en stap na die middeldek en gaan daar staan. Wilhelm Rieckert het nie 'n bang haar op sy kop nie, maar vanaand is hy bang. Hy neem Simon dit kwalik dat hy hierdie gewaagde ding doen. Vir selfs die onnoselste moet dit duidelik wees dat die seerower hulle nou iewers heen lei. Simon draf maar agterna sonder ag op gevaar en sonder dat hy hom wil laat keer.

Dit is toe dit heeltemal donker is dat die seerower draai. Hy draai see-in. Hulle sien dit duidelik, want die seerower het 'n groot lantern aan sy hoofmas. Simon gewaar dit en Wilhelm Rieckert gewaar dit.

Hierdie maneuver lyk so opsetlik. Waarheen sou die seerower nou wil vaar? As hy op pad was na die ooste moes hy op die koers langs die kus af gebly het. Maar nou swaai hy sommer na regs die see in. Waarheen?

Simon Verbeeck het lankal hond se gedagte maar hy wou dit nog nooit laat blyk nie. Nou besef hy egter dat hy besig is om gevaar binne te loop. Hy stap na die stuurman en gee aan hom 'n bevel. Die stuurman gehoorsaam dadelik en die Maagd van die See begin nou ook stadig draai agter die seerower aan.

Terwyl hulle langs die kus afgevaar het, het Simon met sy teleskoop